

# **VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SA: GEMEENTE ROBERTSON-OOS VAKATURE:**

## **VOLTYDSE LERAAR**

Die Kerkraad van die Verenigende Gereformeerde Kerk Robertson-Oos maak in biddende afhanklikheid en in afwagting op God bogenoemde vakature van die leraarspos bekend.

### **1. Gemeentevisie**

Die VGK ROBERTSON-OOS wil liggaam van GOD wees wat GOD in GEES en in waarheid wil dien.

### **2. Gemeenteprofiel**

Die gemeente is 'n plattelandse gemeente geleë in die Kaapse Wynlande Distrik. Die gemeente bestaan uit ± 1000 belydende Lidmate en ± 300 dooplidmate. Die gemeente vorm deel van die Ring van Zuurbraak.

### **3. Bedieningstruktuur**

Die gemeente maak gebruik van die wyke bediening struktuur. Die gemeente bestaan uit twintig wyke, 16 op die dorp en 4 in die buitewyke altesaam.

### **4. Buitewyke**

Daar is 4 buitewyke wat bedien word. Die buitewyke word deurlopend deur die kerkraad, in samewerking met die leraar as buitewyke van die kerk m.a.w. al die sakramente (nagmaal en doop) word in die dorp bedien.

### **5. Geboue**

Die gemeente besit 'n perseel (Schgoongesight Dienssentrum) wat verhuur word.

### **6. Inkomstebron**

Die gemeente se hoofinkomste is uit gemeentedankoffers, basaar, huurgeld en ander fondsinsamelingsfunksies.

### **7. Gemeentesamestelling**

Die gemeente is saamgestel uit 'n groot aantal kinders, groot aantal jongmense en baie volwasse lidmate asook baie ouer persone (bejaardes).

### **8. Leraarsprofiel.**

- 'n Roepingsbewuste persoon – deeglike en skerp teologiese insig en gegrondheid – dinamiese en energieke bedieningstyl – goeie en gesonde menseverhouding.
- 'n Leierskapstyl wat pastoraal en deelnemend is.
- 'n Geesvervulde persoon van die Here, wat bereid is om in nederige afhanklikheid van HOM die gemeente te kom bedien.
- 'n Dienskneg van die Here wat die gemeente, veral op geestelike gebied sal help om die getuienistaak van die kerk n werklikheid te maak.
- 'n Dienskneg van die Here wat hom /haar daarvoor sal beywer om gesonde verhoudinge binne en buite die gemeente te bou.

### **9. Pastorie:** 'n Pastorie is beskikbaar

**9.1** Gratis munisipale dienste, elektrisiteit, water, en telefoonkoste word by hierdie aanbod ingesluit.

**10. Vervoer:** Vervoer [BESKIKBARE VOERTUIG] word aangebied.

**11. Mediesefonds:** Word aangebied op 50/50 basis.

**12. Pligte:** Soos in algemene sinodale bepaling 5.1 van Streeksinode Kaapland omskryf.

12..1. Die **salaris en pensioen** wat aangebied word, is gebaseer op die skale soos deur die Kaaplandse Streeksinode bepaal word.

13. **Emolumente:** Soos deur Streeksinode Kaapland bepaling 15 en 16 bepaal word.

14. **Verlof:** Verlof volgens Bepaling 17 van Streeksinode Kaapland.

15. **Sluitingsdatum:** Die sluitingsdatum vir die aansoek om die vakature is 10 JANUARIE 2022, 17h00 (NM)

16. **Aansoeke:** Alle proponente en leraars van die VG Kerkfamilie tussen die **salarisskaal van 1-3** mag aansoek doen.

**Van aansoekers word verwag om die volgende te voorsien:**

- (a) Volledige CV – wat veral u bedieningsprofiel uitstippel.
- (b) Moet beskik oor n voertuiglisensie.
- (c) Huidige gemeente en aantal (hoeveelheid) jaar in die gemeente.
- (d) Kort aansoekbrief
- (e) Meld twee (2) referente met hul kontakbesonderhede. [e-posse, selnommers]

**17: Kortlyskandidate.**

17.1 Kortlys kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude wat hulle op eie onkostes bywoon.

**Aansoeke moet gestuur word aan**

(i) **Skriftelik:** Die Skriba: VGK Robertson-Oos, H/V Paddy en Nerinastraat, [posbus 339] Robertson, 6705

(ii) **Elektronies:** [vgkrobertsonoos5@gmail.com](mailto:vgkrobertsonoos5@gmail.com)

**Navrae en verdere besonderhede:**

Ds Eyssen DN (konsulent) Selnr. 0730339814,

Pastorie nr. 023 614 1784,

E-pos: [dawideyssen@gmail.com](mailto:dawideyssen@gmail.com)